IMPAK ONDERWYSDIENS BK
Reg. nr.: CK2005/041089/23
Straatadres: Rivierweg 139, Lyttelton, 0157
Posadres: Posbus 15132, Lyttelton, 0140, SA.
Tel.: +27 (0) 12 664 8552
Faks: +27 (0) 0865053050
E-pos: info@impakonderwys.co.za
Webblad: www.impakonderwys.co.za

Geagte hulpsentrumhoof, 15 Augustus 2011

Die 2011 beleid: hulpsentrums kan nou makliker en goedkoper bedryf word.

Wat is anders?
Die nuwe nuwe sentrum beleid verskil wesenlik van sy voorloper.
Die veranderinge is enersyds aangebring ten einde beter dienslewering van Impak aan die sentrums en aan die ouers in die hand te werk en andersyds om ‘n meer soepel en finansieel volhoubare sentrum-model te vestig.

1. Lisensiegelde word geheel en al geskrap.
2. Gelisensieerde sentrums huur die leerstof/produk wat hulle benodig op ’n jaar tot jaar grondslag teen slegs 49c per A4 folio een kant gedruk. Pos en verpakking uitgesluit.
3. Gelisensieerde sentrums koop hul Impak en Delta plakkate aan teen slegs R100 per plakkaat. Pos en verpakking uitgesluit.
4. Impak kliënte wat hul kinders by gelisensieerde sentrums inskryf ontvang 22% groep afslag op die normale Impak tarief.
5. Gelisensieerde hulpsentrum eienaars ontvang 8% kommissie vanaf Impak op alle vol betaalde inskrywings
6. Gelisensieerde hulpsentrums se leerlinge mag Impak en Delta se kampe teen R70 per kop per dag/nag bywoon. Die gelde sluit die kursuskoste, verblyf en etes in, maar sluit vervoerkoste en materiaal/apparaatkoste vir praktiese en tegniese vakke uit.
7. Kliënte wat hul kinders by gelisensieerde hulpsentrums inskryf, maak gebruik van Impak se standaard aansoek vorm en gebruik Impak se tariefstruktuur in die inligtingsbrosjure om die prys te bepaal.
8. Geen leerling sal as ‘n sentrumleerling vir ‘n spesifieke hulpsentrum toegelaat word totdat die betrokke hulpsentrum by Impak geregistreer is nie. Sodanige leerlinge sal as volopsie leerlinge toegelaat word en sal nie later teen die verlaagde groepstarief as sentrumleerling verander word nie.

Sy Lig Skyn Steeds!

Beste Impak groete,

Pieter Botha.